Lees vir genot 12

# Lees oor hoe mense verskillende emosies uitdruk

## Zoeloe-krale

Die Zoeloe-volk is baie bekend vir hulle gedetailleerde kralewerk en die kleure daarvan. Selfs die betekenisse van die krale is al oor baie generasies oorgedra. Ons kan dikwels hierdie pragtige krale-ontwerpe in die markte en toeristewinkels vind, maar die boodskappe het geen waarde indien ons nie die betekenisse daarvan verstaan nie.

Dit is 'n Afrika-tradisie vir 'n jong Zoeloe-meisie om 'n krale-armband van verskillende kleure aan 'n seun te gee. Die seun sal die meisie 'n ruk lank die hof maak en dan later vir haar vra wat die kleure beteken. Boodskappe kan geskryf word deur verskillende emosies aan kleure te heg.

Hieronder is 'n lys van sommige betekenisse van die kleure van krale. Elke kleur het 'n positiewe en negatiewe betekenis.

| **Positief** | **Kleur** | **Negatief** |
|---|---|---|
| Huwelik, wedergeboorte | Swart | Hartseer, wanhoop, dood |
| Getrouheid | Blou | Vyandigheid |
| Rykdom | Geel | Dors, honger |
| Geluk | Groen | Siekte |
| Belofte | Pienk | Armoede, luiheid |
| Liefde | Rooi | Woede, smart |
| Reinheid | Wit | – |

'n Belangrike tradisie onder die Afrika-kulture is om inligting verbaal oor te dra. Deur na die ouer mense te luister word hierdie spesiale betekenisse van die Zoeloe-krale van geslag tot geslag oorgedra. Volgende keer wanneer jy dus 'n pragtige krale-ornament of selfs 'n stukkie juweliersware sien, kyk bietjie of jy die betekenis van die verskillende kleure kan verstaan.

